

**VROU IN DIE MAAN 2**  
**- DIE TEATERSHOW -**

**‘n Fantasia, ‘n Sprokie van maniese oorsprong**  
**Miskien ‘n moderne mirakelspel**

**Deur**  
**Lizz Meiring**

**‘n Solostuk**

**DRAFT 5 – FINALE TEKS**

**GESKRYF TER VIERING VAN DIE INTERNASIONALE JAAR VAN**  
**ASTRONOMIE – 2009**  
**DEUR LIZZ MEIRING (DESEMBER 2008 )**

**GESKRYF & OPGEVOER DEUR : LIZZ MEIRING IN OPDRAG**  
**VAN SUIDOOSTERFEES 2009**

**REGIE : ALBY MICHAELS**  
**VERVAARDIG DEUR : LIZZ MEIRING & KOSIE HOUSE THEATRE**  
**IN SAMEWERKING MET SUIDOOSTER FEES.**

**Kontakadres vir opvoerregte:**  
**Lizz Meiring (E-posadres: [lizzmeiring@me.com](mailto:lizzmeiring@me.com))**

**PRESHOW MUSIC**

**PRESET**

**PRESHOW MUSIC OUT**

**PRESET OUT**

**BLACKOUT**

DIE VROU WAT GLO IN DIE VROU IN MAAN (Rome 450 VC ) #1

O Heilige regeerder van die nag –  
Ek groet jou op al jou name  
Artemis, Nut, Selena, Marina Diana Luna -divina.  
Ek eer jou in al jou fases – Kalends, Nones, Ides.  
Ek vra jou beskerming en jou wysheid en jou lig.  
Ek vra dat jy my raaksien  
Marina Gamba, dogter van Sestellius ,Senator van Rome .  
O divina, net jy kan my nou help.  
Ek weet jy bepaal alles, beheer alles.  
Moenie dat Penates met my trou nie, hy's oud en knorrig. En sy  
een oog spring. Hy's walglik. Maar my Pa het my klaar aan hom  
belowe.  
Jy sien en verstaan en weet mos alles.  
Weet jy dalk of Oreillus my kant toe kyk ?  
Ek is nie seker nie. Maar ek hoop so, ek droom daaroor.  
Mag dit , met jou invloed, teen die nuwe maan waar word.  
So dat ons onder jou volheid kan trou.  
As jy dit laat gebeur sal ek jou vir ewig eer .

Habeat eventum bonum,  
cuique eadem dedero  
quique eadem a me acceperint,  
sanos eos praestes.  
denique nunc, diva, hoc mihi  
maiestas praestet tua  
quod te supplex rogo.

DIE VROU WAT WONDER OOR DIE VROU IN DIE MAAN – #1  
1624

Dis die fees van Santa Anna. Die Beskermheilige van die bevreesdes. Daar's baie bevreesdes . Die hele Firenze is in die strate. Optog op optog .

Goue Marias en Jesusse en Santa Anna's wankel op moë monikke se skouers en seil onseker bo die skare.

Die trattorias staan oop, reg vir die na-fees vier.

Eers bely hulle hul sondes , en dan sondig hulle.

Hoer en rumoer.

Volmaan. Moeilikheid.

O, Dio Mio, o Dio mio, O Dio mio... as enigiemand my nou hier vang is als verby

Galileo ? Hy is toe aangekla. Maar Cardinale Bellarmino het die saak teruggetrek - vir nou . Galileo is 'n gesiene man en sy vriende is ryk. Help altyd. Maar hulle hou hom daar. Vir so lank as hulle wil

Die pouslike gesant wou niks verder sê nie. Net bevele uitgeblaf. Ek moet jou en al Galileo se geskifte vernietig. Sy boeke verbrand.

Hy mag nooit weer boontoe kyk en antwoorde vind nie.

Wat ons nou weet is, glo genoeg. Oorgenoeg. Te veel.

Die hemelse glorie behoort aan die Vatikaan, en dan êrens onder op die ranglys, die Skepper.

Die gesant het net een stukkie van hoop voor my neus

geswaai.: "Die Roomse inkwisisie sal hom vryspreek as hy

nederig om verskoning voor sy Sy Heilige Vader , Pous Urban die 8ste en sy raad van 12 ,

en as hy als wat hy weet, hy weet erken as leuens".

Hoe maak jy die waarheid uit as lieg ?

Hoe verander jy kennis in kettery ?

Hoe misken jy 20 jaar se werk as malligheid ?

Die wêreld was nog nooit so deurmekaar nie. Het Nostradamus nie voorspel 1624 – ruik na brand nie ?

Ons leef in die tyd van nuwe ontdekkings , 'n renaissance uit die donker eeue , en nou straf hulle die profete ?

Ek weet wat gaan gebeur – ek ken die tekens van die tye.

As Galileo nie doen wat hulle sê nie , sal hulle my ook sommer brand . Net oor ons saamleef.

Die mense skinder klaar. Marina Gambina , la putana, la luna !

Hulle's reg . Galileo se houvrou , sy eenoog hoer is mal, maan - siek. Gek oor 'n grys verskynsel wat kom en gaan.

O Dio Mio. Luna , bella luna. Vol. Vol geheime.  
Sy 's nie heeltemal rond nie. Meer soos 'n eier. Leun bietjie oor  
aan die een kant , soos lywige Livia, as sy van die mark af kom  
met mandjies vol van Galileo se vraatsige versoeke.  
Sy dink ek sien nie hoe sy na hom kyk nie.

Hy sal natuurlik met my stry as hy geweet het ek kom skelm loer.  
“Marina, basta !Copernicus het gesê sy's rond.” Aaah, Copernicus  
dit, Copernicus dat. Copernicus se perfekte, ronde gat. 'n Eier is  
beter as 'n sirkel. Onwiskundig, sensueel mismaak. Dis die vorm  
van nuwe lewe.

Daar is lewe daar op haar.  
Eeue se oermense het vertel dis die halfweghuis vir verdwaalde  
siele.  
Sien, daar is 'n plek waarheen ek kan gaan – gaan asemhaal in  
die groot geheimenis daarbo.  
Iemand pas hulle op.  
'n Vrou.  
Die een vir wie die Grieke, en Egiptenare en my voorsate soveel  
mooi name gegee het –Artemis, Nut, Selena, ,Luna-Diana Marina .

'n Plek wat ons seisoene en getye reël , wat wys hoe ons moet  
ploeg en plant , kan nie leeg wees nie..  
Ek weet dit net want ek voel dit.  
Maar in hierdie bouse tye, mag ek vir niemand sê nie.

Veral nie vir Galileo nie.  
**Hy** sal my uitsmyt, uitskel as 'n ketter  
Al vervolg hulle hom, hy glo kinderlik in sy katolieke kerk.  
Selfs die slimstes het 'n dom streep.  
Ek sal hom nooit verstaan nie !  
Dis juis hoekom ek hier kom loer, om in sy kop in te klim – nou  
verstaan ek hom nog minder.  
Want hy wil weet, en ek moet wonder.

Die man wat ek teen alle logika liefhet, glo net in logika.  
Voel tuis in die verklaarbare , nie in die onmeetbare nie. “Cara mia  
bespiegeling is nie bewyse nie, verbeelding is nie feite nie.  
Dis hoekom ek nie wil hê jy moet hier kom lol nie- jy sal jou verbeel  
jy sien dinge wat nie daar is nie. Gevoelens is die mens se

swakheid. En julle vroue is veral die draer van dié weerloosheid  
Basta met jou bogpraatjies, ek's besig.“

Eendag , ver in die toekoms, gaan almal die vryheid hê om te weet  
en te wonder oor die heelal.

Hulle gaan weer verstaan van die plek wat ons siele suiwer en ons  
gevoelens gee.

Hulle gaan nie bang wees om haar invloed te erken nie. Hulle  
teleskope gaan haar van naby kan sien, en dan gaan hulle skepe  
stuur wat kan vlieg, en dan gaan hulle haar ontdek, en haar eer,  
die vrou in die maan.

Maar nou, moet sy vir eers verdwyn. En ons moet lig soek in 'n  
donker tyd.

### **DIE VROU WAT NIE GLO IN DIE VROU IN DIE MAAN NIE – OFTEWEL DIE VROU WAT DIE VROU DIE MAAN WIL VEROWER**

V/ O EN DIE WENNER VAN DIE 2009 WêRELDRAAD VIR  
ASTRONOMIE PRESTIGE TOEKENNING IS : DOKTOR MARINA  
GAMBA !

*Dis 2009, by die Internasionale jaar van Astrolomie se konvensie.  
Die wetenskaplike wonder, Marina Gamba, staan met 'n  
toekenning in haar hand.*

Dankie... baie dankie.

Ek is nie vreeslik gemaklik met toesprake... ek sukkel met die  
chemiese samestelling van woorde, en die emosies wat dit  
implseer.

Ja, wel, ek het 'n paar notas.

Eerstens, dankie...o, ek het dit al gesê.

My aanstelling as Hoof van hierdieprojek was ... kontroversieël.

Daar is al baie geskryf en gesê oor my visie om 'n bemande  
satelliet stasie op die maan te implementeer.

Die media noem my DR Looney en die ekonome en humaniste kla  
oor 'n vermorsing van geld

Maar daar is nie 'n prys op die oorlewing van die mensdom nie.

Van kleins af , het ek die visie en dryfkrag gehad om die buitenste  
ruim so volledig, as moontlik te bestudeer.

My plat op die aarde ouers het gespot diè obsessie moet iewers in my gene wees. Wie weet, dalk was 'n voorsaak ook 'n planeet en sterrekyker.

Nou hoef ons nie meer net te kyk nie, ons het al daar geland, nagevors, en binnekort sal ons die finale grens, finaal oorsteek. En verover.'n Bewoonde opleidingsentrum op ons aarde se maan, vir missies na Mars en Jupiter en ander planete is nie meer 'n belaglikheid nie, dis nou 'n werklikheid. En hierdie toekenning is 'n bewys daarvan.

Aan die kritici wat beweer dat ons 'n geestelike ruimte gaan omverwerp, – net dit :Wetenskap saai nie verwoesting nie. Dit bring kennis en kennis is ook 'n goddelike gawe.  
Aan die wat glo ons gaan buite ruimtelike wesens versteur –ek het my lewe gewy aan die studie van alle aspekte van die buitenste ruim – en ek het nog nooit so 'n wese waargeneem nie.

Daar was al mans op die maan, maar daar woon nie een nie.  
Definitief wel, binnekort 'n vrou op die maan, 'n nuuskierige, leergierige aardling, 'n dienswillige dienaar van die mensdom – Marina Gamba.  
Dankie.

## DIE VROU IN DIE MAAN. 2009 #1

Dit was tyd. Dit was net- eenvoudig, tyd.  
Moes keer voor dit te laat is.  
Die wêreld daaronder moes 'n slag op sy kop gedraai word.  
Soms het jou naaste, wat jou nodig het, 'n goeie skop onder die as nodig.  
**So** kon dit wragtig nie aangaan nie.  
My plekkie mag kleiner wees, maar jy moenie met 'n maan mors as jy nog net 'n planeet is nie.  
En ek was lus vir 'n vakansie.  
Na 4 en 'n half biljoen jaar se maand in en maand uit, is dit darem nie onredelik nie.  
Ooooo, ek was moeg vir die soetsappige clichès en die alewige spekulasie oor wie en wat ek is.

As ek een talentvrye digter of toondowe sanger kon keer van nog 'n ode aan die maan, en een voyeristiese wit jas agter 'n teleskoop kan uit dwing om 'n slag bietjie perspektief te kry, dan was dit als . die moeite werd.

Toe wys ek die ganse aarde my plek se agterkant en verdwyn in die donker. Nou al amper 'n maand gelede.

Pandemonium. Chaos. Sou sweer dis die einde van hulle ou wêreldjie !

Donker tyd. .

Doemprofete en priesters en politici en waarsêers en wetenskaplikes in oproer.

Die arrogante astronome krap kop en hap-hap-hap na lug vir verduidelikings. Kap om van stress.

Heeltemal onnodig.

Hulle het nog swaartekrag , en water en sonlig , en sterretjies en ander blinkgoedjies (*wys geld* ) om hulle aan die gang te hou.

En wie't nou regtig getye nodig? Net leegglêers met lang hare wat dink om 'n golf te ry is die toppunt van 'n toekomvisie.

Eintlik hoort julle bly te wees. Vampiere en hekse en weerwolwe se tjank is afgetrap.

Wie weet ? Daar's dalk minder epileptiese episodes , en ongelukke en geweld en premature geboortes en maansiekes ? Vrede op aarde en lafenis in die nagdonker.

Persoonlik het ek nog nooit geglo enige van daai menslike swakhede is my toedoen nie, maar nouja, bring die blaam, my omtrek is breed.

Ek word deesdae misbruik, en misverstaan. En misken.

Verkleineer tot net 'n kleindruk in kalenders .

Net 'n nagedagte in hulle dagboeke.: o, ja, die fases van die maan Minder prominent as skoolvakansies en gewigsmate.

Dis seker my eie skuld. Jy moet nooit te voorspelbaar wees nie. .

Ek is eeue laas regtig bewonder, aanbid.- eerbiedig en respektvol, van 'n afstand af – soos dit hoort.

O, ek mis my mooi name - Artemis, Nut, Selena, Marina, Diana, Luna

Ek is nie vreeslik gek oor "Luna " nie – laat my so (*maak geluide vir mal/ cuckoo/ whacko* ) klink.

Ooooo, maar hulle't het destyds die mooiste altare en tempels vir my gebou, reuse beelde –

En die rituele !Gedans en gesing en geslag en geoffer. Bloed en seks en trane !

(*Sy's aangedaan* ) Was so roerend.

(*Sy's skielik weer onemosioneel* )

Was nou die regte tyd om trug te trek.  
Buitendien, ek moes huis skoonmaak.  
My plek is 'n gemors.  
Die apollos se asblik – maankarretjies, en kameras en  
memorabilia en vlae , en familiefotos en pype en teleskope.  
Wrakstukke .  
Lyk soos die rommel na 'n Star Wars saamtrek..  
Gits, hulle tot opnames met offisiële boodskappies plegtig hier kom  
neersit.  
Nixon die aartskelm wou vir 'n hemelse wese kom preek?  
Ek hou nie van daai NASA nasie nie.  
Die russe het net my wentelbaan kom oorneem –eers 'n verwarde  
hond, en toe 'n paar pienk gesigte met slegte haarstyle . Maar die  
Amerikaners in hulle blinkbroeke en vistenk helms het kom  
uitkamp. Oorneem.  
Guh, kyk net hier - my werf vertrap. Stewelspore vir ewig  
ingebrand. En niks kry dit uit nie.  
In die Mare Tranquillium – die see van kalmte geland  
En chaos gebring. .En 'n lelike gedenkplaat op 'n leer.  
HERE MEN FROM THE PLANET EARTH FIRST SET FOOT  
UPON THE MOON JULY 1969, A.D. WE CAME IN PEACE FOR  
ALL MANKIND  
Wat van “peace for moonkind. ? ‘  
(Nogal geteken -: Armstrong, Aldrin, Nixon, Collins)

Was nou die regte tyd om trug te trek.  
Daar's ander dinge as vol en driekwart en halwes en sekeltjies wat  
moet aandag kry.

My wasgoed het opgehoop.  
Vat 'n ewigheid om droog te word. Windstil.  
My siele se rus is versteur.  
Ongesond. Onnatuurlik.

Dis al die senders en satelliete en spioenasie in my omgewing.  
Al daai negatiewe strale in my stratosfeer . Huh-huh.  
Eers het ek dit hoopvol opgevang en iets positief daaruit opgekook  
– maandruppels ,en sop vir die koue nagte en moonshine -  
maanpoer vir die universele feesdae , maar my spens is oorvol.

Neewat, ek wou vir 'n paar siklusse ondergaan tot en weer verskyn  
wanneer ek stralend **voel**, nie wanneer julle dit van my verwag nie.



Eitnlik wou ek hulle 'n les leer. Maar dis 'n mors van tyd, lessies leer is nie die mensdom se sterk punt nie.  
Daar 's 'n groter rede vir my verdonkering...(sy wil dit uitlap, maar sy keer haarself )  
Ek's nie die aardsvyand nie. Ek gee om. En om en om .En om.  
Ek was ook daar onder..  
Aan die begin van tyd.  
So ver trug in die verskiet , dit maak nie saak presies wanneer dit was nie.  
Maar ek kom vandaar af.  
Toe dit nog rou en oer was.  
Ek onthou ek was nooit regtig tuis daaronder nie.  
Dalk het ek gegril vir die grond onder my voete, en die stof tot stof uiteinde.

Ek weet net ek het swaar en vasgevang en afgetrek gevoel.  
My vergange man, I (*uitspraak "EYE "*) het sy natuurlik storie gehad oor hoe ek hier beland het. Sien I, was die beste boogskutter wat daar was, -altans in sy oë. . Toe vra die gode hom om die donker magte wat die aarde beswaar , dood te maak. Hy viernietig , toe volgens hom, man alleen -,met net 'n pyl en boog die bese magte. Guh.  
Die dankbare gode, laat val toe 'n flessie op die aarde. Binne in was die eliksir van onsterflikheid. Ekhet glo sy goddelike geskenk voor hom weggegryp en dit gretig afgesluk. Hy was so onsteld dat hy my al die pad maan toe jaag , maar omdat hy sterflik was, kon hy nie hier aard nie, en moes trug. Guh. Van my nasate , skinder daai storie nou nog.  
Ek het my storie.  
Minder dramaties, minder fantasieryk, minder edel.  
Een nag, toe my vrese groter as my hoop was, het ek begin stap en stap.En stap. Een voet voor die ander. Tot by die rant van die aardbol. Toe's ek oor die brug van skaduwees, met die melkweg langs, skuins oor die belt van orion. Ek het geloop tot ek ligter gevoel het.,en met 'n instinktiewe afdraaipad, hier beland.  
Uiteindelik tuis.

Hierdie niks, is vir my alles.Wie smag na nou "atmosfeer "as dit in elk geval, meestal versuur is ?

My landskap is "*magnificent desolation.*"

Die lava silt is sag onder jou voete, en die kraters het karakter.  
Maanstof is soos 'n vriendelike teenwoordigheid, sweef net om  
jou, maar dit klou nie vas nie.

En as die meteoriete tref, bewe jou bodem en skud en grom en  
roer. En net voor alles tot bedaring kom, 'n vuurwerkvertoning van  
kosmiese omvang. Pyle en sirkels lig en kleurvolle vuurstrepe in  
die uitpansel. Vermaak van epiese proporsies.

Baie beter as as **my** aardse uitsig van julle neonkuns: (*sy wys 'n  
lig wat flikker met haar hande*) COCA COLA. Skyn in my oë. Kry  
niks slaap in die dag nie. Ek sien alles van hierbo af. Dis nie nodig  
om dit in flikkerende hoofletters in my gesigveld te forseer nie.

Dis pendaties om die vanselfsprekende te spreek, maar ek beleef  
'n af tyd, so ek gaan dit sê: Ek is die buffer wat die vuishoue vat  
en julle ondankbare sielietjies beskerm teen die meteoriete en die  
asteriodies en ander rumoerige ruimtelike aanvalle.

Die laaste trefslag hier by my, **in** die Oceanus Procellarum was **so**  
gewelddadig, dit sou **van** die Amazone **tot** Arizona uitgeroei  
het. Beter dat ek maar sê dit was 'n meteoriet, anders blameer julle  
weer die Moslems, of 'n sameswering van die Wêreldbank. Maar  
julle het dit vrygespring, want my planeet het dit gebuffer.  
Ek noem dit maar net..

En nou wil julle my .... (*Sy keer weer haarself*)

(*SQ van honde wat huil – soos tjank vir die maan*)

*Sy tjank terug.*

(*SQ – hulle tjank weer*)

*Sy tjank terug.*

(*Dit word soos 'n gesprek-'n dialoog*)

Ek het geweet hulle gaan kom vra. Wil mos als uitsnuffel. Maar  
ons verstaan mekaar.

Praat dieselfde taal.

Ja ek weet julle weet hier's nie klankgolwe nie, maar daai getjank  
deurboor selfs die ewige stilte.

Ek kon hulle nie antwoord nie. Ek weet nie hoe lank ek gaan  
wegbly nie. Dit hang, van julle af..

Die stertswaaiers verstaan dit.

Ek moes verdwyn. Dis nie 'n beneukte fase nie, dis oorlewing.

Universele voortbestaan.

Kyk net 'n slag dieper, met 'n geestesoog, nie 'n geografiese een  
nie.

Vervang die wetenskap met 'n ander waarheid , 'n wyser wiskunde....

*(Sy stop skielik )*

My wasgoed wag.

*(Verwysend na die vlae) (Lag )*Groot moles gemaak –diè vlae. Astronomiese klomp besprekings gehad oor wat het van die voriges wat hulle hier geplant het, geword .! “Dalk was hulle nooit hier nie, dalk het groen mannetjies dit kom vat “WHOOOOHOOO.. O, en hoekom waai die vlag as hier g'n wind is nie ? Was die maanlanding 'n epiëse produksie van UNIVERSAL PICTURES ? Whooohoo...

Lekker sterk vadoeke.

Die ander wasgoed is dun geskaaf.My sielswerk.Die verdwaaldes wat nêrens in lewe 'n geestelike huis gekry het nie. Nou dobber hulle hier, tussen hemel en aarde.

Ek poets en vryf om hulle hopelik te laat vlieg, in genadige ewigheid in.

Daar's baie skaaf en skropwerk.

Die lewe skuur seker aan 'n mens. Siestog. Soms dink ek dis van pure simpelheid. Smartvrate en skoorsoekers.Menslikheid. Ek moet versigtig skrop voor ek hulle die hiernamaals kan instuur om hul rusplek te gaan soek... Hah ! En na soveel millenia se oor en oor raak dit sielododend. Vrou alleen , die verdwaaldes se buffer teen ewige verdoemenis.En julle neul oor stress ?. Elke Maandag hang daar nuwes op die draad

Helse werk om die vlekke uit te was. Party het net 'n krapmerk of 'n paar diep kepe op, klein kolletjies van menslikheid Sommiges bleik vinnig ,dan kan hulle aanbeweeg. Opgaen .Enkeles kom maak vinnig hier 'n draai, om 'n paar verdwaaldes vir oulaas te probeer red. Was 'n paar jaar terug so dierbare, suiwer siel. 'n Non van Calcutta ....

Ander moet oor en oor en oor gesuiwer word. Hardnekkige bondel hierdie.

Elke Maandag probeer ek van voor af.

*(Sy blaas op een stuk deursigtige lap )*

Daar's die met die diep donkerrooi vlekke – nes ek een laag uit het, kom nog 'n laag te voorskyn.

Soms verskyn vreemde merke onder die donkerrooi. Soos hierdie een – twee swart gebroke strepe oormekaar , en dan oneindige geel stervorms. As ek reg onthou was hy 'n mislukte skilder, en toe

iets in'n uniform. Sal vryf tot hy aanvaarbaar skoon is. UGH. Ruik nog steeds na gas en sianied.  
(*Sy tel nog een op* )

Vars vuile. Uit Suidelike Afrika.Lank geleef. Te lank. Was hy sielsiek ? Of 'n staatshoof ? Die onderskeid is nie altyd duidelik nie. Maar merke is. 'n Seepsteen voël wat wil ontsnap uit die Groot Ruine.En 'n waterfal van slagoffers.

(*Sy vat 'n sluk van iets* )

Versterking. Maanpoer. Dis nie offisieel 'n feesdag nie.Hier's 'n streng dopstelsel.

Mag nie ander spirits gebruik as ek met die spirits werk nie.

Noem dit dan maar 'n.teebreek.

Party wasgoed steek ek weg. Volgens kosmiese reëls streng verbode, maar nouja. Die Groot Bestel verstaan hoekom ek dit doen.

Ek hou hulle, want hulle verdwaling amuseer my. Inspireer my.Vermaak my. Dit raak soms eensaam hier. En vervelig . 29 dae van dieselfde siklus. Oor en oor en oor .Nie altyd maanskyn en rose nie.

Hulle's kleurvolle siele, die wat ek hou. Nie suiwer siele nie, maar kleurvol.Ek wil nie hulle bleekbleik nie. Dis juis wat my aantrek.Hulle straal iets onverklaarbaar uit. Daar's 'n klein bondel van hulle .Die aardlinge het hulle gebrandmerk as niksnutte en uitvaagsels, droomverkopers en lieplappers , seker die dat hulle nooit 'n vasglo-plek gekry het nie. Maar hulle merke vertel hulle was die uniekes wat skares laat kyk en lees, en luister en lag en huil en dink het. En dikwels kwaad gemaak het , en deurmekaar gekrap het. Ek hou hulle maar hier. Waar hulle veilig is. Hulle gaan ook nie hierbo by in 'n stelsel inpas nie .

(*Sy vat weer aan die vlag vadoeke.* )

Ek het hulle gesien. Die buite hierdie ruim se wesens. Die eerste voetval het soos 'n inval gevoel.Asof die heelal my aanval. Baie erger as 'n metioriet. Ek het van die donkerkant af ongesiens gestaan en loer hoe die een praat,"ONE SMALL STEP FOR MAN, " en hoe die ander ene op sy knieë sak, en boontoe kyk. 'n Ritueel soos 'n sakrament. Hande voor hom bymekaar. Biddend, soos die

oermense wat my aandskyn heilig gemaak het. Dit was aangrypend. (iets van Romeinse vrou ?)

Die derde een het my gesien. Ek weet hy't my gesien – die een wat binne in daai module moes bly en sirkel terwyl die ander twee kom rondkrap en vertrap en omkrap en opkap. En vlag plant en praat oor “magnificent desolation” en “one gaint leap for mankind.” Hy't my gesien deur die ruit. Eers net so skrams.- toe ek op die wentelbaan klim en op vlug slaan voor die vreemde wesens op my werf. En ek het gesien dat hy my sien. Net vir 'n millisekonde. voor hy wegdryf. Ek het gewag .Toe hy weer buite radio verbinding met die aarde was,gaan ek nader. Druk my kop teen die ruit..En teken met my vinger op sy skraal, geskokte gesig . Al my name geskryf oor sy bruin oë en sy fyn neus en sy gespanne mond, en 'n halfmaan geteken op die klein kuiltjie in sy ken.

Hy het gestaar soos iemand wat by die afgrond van geheimenis inloer – en ek het truggekyk, soos iemand wat weet dat hy nooit hieroor sal praat nie. Toe hy weer omwentel, druk hy half outomaties sy hand teen die ruit,so asof hy wou voel of ek waar is,en ek spieël dit aan die ander kant. Elke keer as hy omwentel, was ek daar .Elke keer het hy gekyk. Gekyk maar hy nie kon meet wat hy sien nie.

Toe hoor ek hoe hul sê van die ander wat moet trugkoppel en toe gee ek pad, trug donker kant toe. En uit die bloute, het ek oneindig verlang na I en sy soort.

Sy naam is Michael Collins.

Hy het nog nooit daaroor gepraat nie. Hy wil dink hy het gehallusineer. .Maar hy weet hy het nie.

Sy toestand is verlamrend, ongeneesbaar.Maniese depressie.

NASA hou dit stil. 'n Volksheld mag nie foute hê nie.

Ek weet hoekom hy stilbly..Om my te beskerm. Die manlikes van hulle spesie maak so, wanneer hul in dieper dimensies voel .

As hy my regtig wil beskerm moet hy hulle wegkeer, voor dit te laat is.

Julle het mos nou julle monsters saamgevat. Julle het mos als ondersoek wat vir my heilig en privaat is. Los dit nou.!

Verstaan julle nie ? Daar moet 'n plek wees om na op te kyk as swaartekrag jou aftrek.Daar moet 'n landskap van verbeelding en verwondering wees, waar niks geweeg word en te swaar bevind is nie. Daar moet 'n rusplek wees voor die reis na die ewigheid.

Hierdie is 'n hemelse halwegstasie vir verdwaaldes se sielpoets,  
nie 'n hotel vir toeriste of barakke vir baanbrekers in blink oorpakke  
nie.

Ek gaan nie terugkom tot jul dit besef nie.

*(Sq – honde tjank )*

Julle kan maar huil, ek gaan nie.

LX – CROSSFADE.

### DIE VROU WAT GLO IN DIE VROU IN DIE MAAN –OFTEWEL DIE VROU WAT DIE MAAN EERBIEDIG

*(Firenze, 1683 – Galileo Galilei se teleskoop kamer.)*

*(Sy loer deur die teleskoop )*

Donkermaan. Nie eers 'n klein skyfie silwer nie.

Galileo weet nie ek is hier nie. Hy't blind geword. Hulle sê dis oor  
hy 'n maagsweer het en nie kan slaap nie. Ek weet dis omdat hy  
sy hele waarheid misken het. Nie dat ek hom kwalik neem nie. Net  
mitiese helde sterf vir hul oortuigings. Regte vlees en bloed is  
bang vir marteling en brandstapels. En 'n Roomse vagevuur.  
My tyd loop uit. Livia het by Vader Tomasino gaan klik dat ek jou  
weggesteek het, en aand vir aand hier kom loer. Troos en  
vriendskap en geselskap soek by die onsigbare, alwyse vrou wat  
daar woon. Luna – Marina my naamgenoot.

My sielsgenoot.

Livia beweer ek is 'n heks. 'n ketter , 'n slaaf van Satan. En dit oor  
jaloesie. Sy maak of sy so vroom is, maar sy het 'n ander agenda.  
Gmf, net 'n blinde man sal haar gedrogkliheid kan liefhê.

Maak nie meer saak nie. Dis te laat vir haat.

Ek het die kinders weggestuur. Vincenzo en Julia en klein Marina.  
Sy is nek ek, arme kind. 'n Sterre soeker. Nie gemaak vir hierdie  
aarde nie.

Nostradamus wat verkeerd. 1638 is die einde van die wêreld.

Altans, my wêreld.

Galileo weet nog nie. Dis beter so.

Ek sal nie hoef te bely nie. Die Inkwisisie kan nie voorbly met  
verbrandings nie. Sal vinnig gaan. Skuldigbevinding, vonnis en  
dan.Dante se inferno. Nes 'n mitiese held, maar sonder die laaste,  
epiese wyse woorde.

*(Sy loer weer die teleskoop )* Wys net een maal vir my jou gesig.

Net een maal. Ek sal vir niemand sê nie.

Jy draai hier om my, vat my saam.

LX –  
SQ  
SFX

## **DIE VROU WAT WEET VAN DIE MAAN – 2**

Dankie, dankie – stilte asseblief .

Goeiedag. Vir die lede van die media wat my ken, staan ek glo bekend as DR Looney. Vir die wat my nie ken nie – was, is ek Marina Gamba – Hoof van spesiale projekte by die Internasionale Raad vir Astronomie.

Nou, wat die huidige, onvoorspelde, en onverklaarbare resessie in ons aarde se maan betref –

Die navorsingsspan by die IRA werk onverpoosd aan ‘n verduideliking vir hierdie fenomeen.

Die huidige teorie is dat ‘n skielike verandering in kosmiese weerpatrone moontlik hierdie verduistering kon veroorsaak het.

Maar ons sal ‘n logiese, verklaring vind.

Ek gaan dit duidelik stel – in leketaal –

Ons aarde se maan het nie verdwyn nie, dit is ook nie uitgewis deur ‘n meteoriet nie, en kon onmoontlik die donkerkant na die aarde toe gedraai het.

ie die bogstories van Armagedon en ander “einde van die wêreld teorieë “ aan te vuur nie. En ek gaan beslis nie die esoteriese gemeenskap se se verwronge opinies eers vereer met ‘n rasonale, wetenskaplik nagevorsde teenargument nie.

Ek en my kollegas werk die afgelope maand al dag en nag aan ‘n verduideliking vir hierdie voortdurende verduistering.

Ja, dit is waar dat ons dit nie vooraf kon bepaal nie. Geen wentelpatroon van geen teleskoop of sender het dit aangedui nie. Daar was moontlik ‘n spontane weersverandering wat die maan se siklus onderbreek het. My een kollega, Professor Collins, beter bekend vir sy bynaam –Galante Galileo, het die verdonkering baie raak beskryf – hy sê die maan is “tydelik met vakansie. En na 4.5 biljoen jaar is dit dalk nie onredelik nie.” Hierdie kosmiesiese storm gaan oorwaai. Ek glo beslis nie dat ‘n meteoriet die hele planeet uitgewoes het nie. Ons sou dit vanselfsprekend opgetel het. Ons buurplaneet bly nog steeds ons buffer , daarvan verseker ek julle. En alles sal weer na normaal terugkeer.

Intussen sal daar aanhou gesoek word tot daar ‘n aanvaarbare verduideliking is..

Hierdie perskonferensie is ook geroep om ‘n ander rede. Ek is enkele ure gelede vanaf die WitHuis in kennis gestel dat , gesien

in die lig, oftewel die donkerte, van huidige omstandighede- alle befondsing vir die satelliet stasie op die maan sonder meer teruggetrek is. NASA se offisiële posisie is die van geen kommentaar. My persoonlike posisie is een van woede en teleurstelling oor hierdie laakbare kortsigtigheid. My lewenswerk is vernietig .. My lewensaar is afgesny. Ek het nog altyd my onwrikbare nugtere denke en rasonale vermoëns as my behoud beskou, maar ek moet hier en nou erken- ek het 'n intuitiewe gevoel , 'n gebrek aan. Ek bedank dus met onmiddellike effek, uit my amp by die IRA . Dis al .Dankie.

SQ –  
LX  
SFX

### DIE VROU IN DIE MAAN

*(SQ honde wat tjank vir die maan )*  
*(Sy luister 'n oomblik )*  
*(Tjank dan trug vir hulle )*  
Wragtig ! *(Sy lag verlig )*  
Wragtig !  
Ek moet gaan werk.  
'N Hele blooming maan gaan omdraai.

LX – CROSSFADE  
SQ – Ancient, oer ritueel musiek.

### DIE VROU WAT GLO IN DIE VROU IN MAAN - 2

Habeat eventum bonum,  
  
cuique eadem dederō quique eadem a me acceperint,  
  
sanos eos praestes. denique nunc, diva, hoc mihi  
  
maiestas praestet tua,  
  
quod te supplex rogo.

LX –  
SQ  
SFX



Einde.